**REEKS: Dis tyd om te groei.**

**TEMA: Deel 4**

“Iets merkwaardig gaan vandag gebeur. Jy gaan verander. Miskien gaan jy beter word, miskien slegter. Die feit is jy gaan verander. Miskien per ongeluk of miskien intensioneel. Teen die tyd wat jou kop die kussing gaan tref vanaand, gaan jy anders wees. Jy gaan nooit weer hierdie dag oorkry nie. Maak dit tel!”

**Ons groei nie uit ons verlede nie en ons groei ook nie in die toekoms nie – Groei gebeur in die NOU.**

“Die seuns het opgegroei. Esau het 'n knap jagter geword, 'n man van die veld; en Jakob was 'n fatsoenlike man wat in tente gewoon het.”
***Genesis 25:27 (AFR20)***

“Jakob het uit Berseba vertrek en na Haran gegaan. Hy kom toe by 'n plek en oornag daar, want die son was al onder. Hy het een van die klippe van die plek geneem, dit as sy kopstut neergesit en op daardie plek gaan lê. Hy droom toe: … Jakob het uit sy slaap wakker geword en gesê: **“Waarlik, die HERE is op hierdie plek en ek, ek het dit nie besef nie!”** Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreesaanjaend is hierdie plek nie! Dit is niks anders as die huis van God nie. Dit is die poort na die hemel!””
***Genesis 28:10-12 & 16-17 (AFR20)***

**Die hier en die nou het 2 vyande:**

- DIE VERLEDE EN DIE TOEKOMS

1. **DIE VERLEDE**
   - Verwyte
   - Bitterheid

“Ek vergeet die dinge wat agter is, en strek my uit na wat voorlê.
***Filippense 3:13b (AFR20)***

**Twee aksies wat jou help om uit die VERLEDE terug te kom na die NOU toe:**

- Vergewe

- Leer

"The only thing we learn from history is that we learn nothing from history".
***Georg Hegel***

“Alhoewel Hy die Seun was, het Hy gehoorsaamheid geleer deur wat Hy gely het.”
***Hebreërs 5:8 (AFR20)***

“We only learn from our experiences when we reflect on them”
***Trevor Hudson***

## 2. DIE TOEKOMS

**Twee aksies wat ons help om uit die TOEKOMS terug te groei in die NOU in:**

- Beplan

“'n Mens kan planne maak oor wat hy wil doen, maar dit is die Here wat besluit wat sal gebeur.”
***Spreuke 16:9 (ABA)***

- Bid

“Die Here is naby. Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend.”
***Filippense 4:5b-6 (AFR20)***

**Wat kan ek doen om my in die NOU te hou?**

- Dankbaarheid

“Wees in alles dankbaar…”
***1 Tessalonisense 5:18 (AFR53)***

- Ontdek God in alles